SOLIDARITEIT
SOLIDARITY

BEPALINGS EN VOORWAARDES: AKADEMIA-STUDIEVOORDEEL

1. Solidariteit het ’n studiekorting vir vakbond-lede en hul afhanklikes beding. Om vir ’n studiekorting by Akademia te kwalifiseer, sal die volgende bepalings en voorwaardes van toepassing wees.

2. Definisie:

   2.1 **Afhanklike**: die volopbetaalde lid se kind of aangenome kind wat aan die begin van die akademiese jaar onder die ouderdom van 21 jaar oud is. ’n Afhanklike sluit nie die gade van die lid in nie.

   2.2 **Studiekorting**: 20%-afslag op klasgelde.

   2.3 **Volopbetaalde lid**: ’n Lid wie se aansoek deur Solidariteit aanvaar is en van wie een (1) maand se ledegeld ontvang is. ’n Lid bly ’n volwaardige lid solank as wat lidmaatskapgelde tot op datum betaal is, of totdat lidmaatskap ingevolge die vakbond se grondwet of reëls van Solidariteit beëindig word.

3. Bepalings en voorwaardes

3.1 Lede moet reeds ’n volopbetaalde lid van Solidariteit wees teen die voorafgaande September van die jaar waarvoor vir die studiekorting aansoek gedoen word.

3.2 Lede moet vir die volle tydperk van die akademiese jaar waartydens die studiekorting geld, ’n volopbetaalde lid van Solidariteit bly.

3.3 Dit bly elke lid se verantwoordelikheid om toe te sien dat hul lidmaatskapgelde volopbetaal bly vir die tydsduur wat die studiekorting geld.

3.4 Geen aansoeker of lid mag ledegeld vooruit of terugwerkend betaal met die uitsluitlike doel om vir die studiekorting te kwalifiseer nie.

3.5 Afhanklikes wat in die daaropvolgende jaar van die studiekorting 21 jaar oud word, moet voor September van die voorafgaande jaar self lid van Solidariteit word om vir die studiekorting vir die jaar waarin hulle 21 word, te kwalifiseer.

3.6 Die maksimum studiekorting is 20%, ongeag of die Solidariteit Boufonds of Solidariteit Regsfonds ook ondersteun word.

3.7 Die studiekorting is nie op aansoek-, eksamen-, en boekgelde van toepassing nie.

3.8 Die aansoek vir studiekorting moet voor die aanvang van Akademia se akademiese jaar tydens die Akademia aanlyn aansoekproses gedoen word, en geen aansoek wat na aanvang van die akademiese jaar ontvang word, sal oorweeg word nie.

3.9 Die student is nie geregtig op studiekorting in die daaropvolgende jaar vir enige vak waarop daar reeds studiekorting toegestaan was nie.

3.10 Die voorgenome student moet aan die toelatingsvereistes van Akademia voldoen.

3.11 Die studiekorting sal slegs betaalbaar wees vir die maksimum tydperk wat die studieprogram geskeduleer word, d.w.s. indien die studieprogram oor twee jaar strek, sal daar slegs vir twee jaar vir die studiekorting aansoek gedoen kan word.

3.13 Hierdie studiekortingvoordeel kan sonder enige kennisgewing van jaar tot jaar deur Solidariteit opgeskort of verander word, en lede sal geen reg of aanspraak op hierdie studiekorting teenoor Solidariteit hê nie.

4. Nie-nakoming

Die volle studiekorting wat toegestaan is, word verbeur en is terugbetaalbaar indien daar nie aan die bepalings hieronder voldoen word nie:

4.1 die nie-nakoming van klousule 3.2;

4.2 indien die student sy studies staak;

4.3 indien die student nie die kursus voltooi nie; en

4.4 indien die student van studierigting verander.

T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | P: Posbus 11760, Centurion, 0046
H.v D.F Malan- en Eendrachtstraat, Kloofsig, Centurion